

Die Satan gebind vir 1000 jaar

Openbaring 20:1-3

22 November 2020

1. Ses vorige onderdele van Openbaring
 - a. Sewe briewe (Op 1-3) – Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek...
 - b. Sewe seëls (Op 4-8:5) – Donderslae, dreunings, weerligstrale, aardbewing
 - c. Sewe trompette (Op 8:2-11) – Weerligstrale, dreunings, donderslae, aardbewing en haelstorm
 - d. Sewe visioene (Op 12-14) – Graanoes en druiwe-oes, getrap in die parskuip
 - e. Sewe bakke (Op 15-16) – Weerligstrale, dreunings, donderslae, haelstorm met 50kg haelstene, grootste aardbewing ooit
 - f. Sedelose vrou (Op 17-19) – 4 van God se vyande val
2. Sewende Onderdeel – Op 20-22
 - a. Op 20:1-3 – Satan word vir 1000 jaar gebind
 - b. Op 20:4-6 – Martelare en mense wat nie die dier aanbid het nie, regeer saam met Christus as priesterkonings vir 1000 jaar saam
 - c. Op 20:7-10 – Die Satan word vir 'n kort tydjie losgelaat, maar tog ook oorwin
 - d. Op 20:11-15 – Die finale oordeel
 - e. Op 21-22:5 – Die nuwe hemel en aarde, asook die nuwe Jerusalem
 - f. Op 22:6-21 – Laaste waarskuwings en beloftes
3. Drie millennium interpretasies
 - a. Premillennialisme: Jesus se wederkoms voor millennium
 - b. Postmillennialisme: Jesus se wederkoms na die millennium
 - c. Amillennialisme: nie letterlike 1000 jaar nie, millennium is periode tussen Jesus se eerste en tweede koms
4. Die Satan word vir 1000 jaar gebind (Op 20:1-3)
 - a. Vers 1: Toe (NAV) / En (OAV) – volgorde van visioene
 - b. Draak, slang van ouds, duivel, Satan – vgl Op 12:9 (daar is duivel ingeperk deurdat hy uit hemel gegooi is)
 - c. Onderaardse diepte = geestelike dimensie waar bose geeste woon
 - d. Op 9:1 – onderaardse diepte oopgesluit, pyniging vir ongelowiges
 - e. Op 1:18 – Seun van die Mens het sleutels van die dood en doderyk
 - f. Op 3:7-8 – Seun van die Mens het sleutel van Dawid, oop- en toesluit
 - g. Mat 4:1-22 – Jesus weerstaan versoekings van die Satan
 - h. Mat 12:29 – Jesus bind die sterk man, die duivel, tydens Sy eerste koms
 - i. Luk 10:17-20 – Satan val uit hemel soos bliksemstraal, tydens Jesus se eerste koms
 - j. Kol 2:15 – Tydens kruisiging het Jesus bose magte ontwapen, as gevangenes weggevoer tydens Sy triomftog
 - k. Heb 2:14 – Jesus vernietig die duivel, tydens Sy eerste koms
5. Satan het na Jesus se eerste koms minder invloed as in Ou Testament. Hy kan ongelowiges pynig as Jesus dit so wil, hy kan hoogstens toetse in gelowiges se lewens bring, maar kan hulle nie afrokkel nie, hy kan nie die nasies bymekaar bring teen God nie – nie voor die 1000 jaar om is nie.
6. Toepassing: Vergelyk groei in God se koninkryk gedurende 4000 jaar van Adam tot Pinkster, met die groei gedurende die 2000 jaar van Pinkster tot vandag.